


LENSOPEN

WENS
ALMAL
'N


EN AAN AL
DIE MANNE IN
UNIFORM,
MIN DAE!



EN AL DIE
NAGWAGTE,
MIN
NAGTE!



EN AL DIE
MUSIEK-
LIEFHEBBERS,
MIN
SHAW!



MMM... EN AL
DIE EENSAMES,
'N
MIN-
NAAR



EN WAT VIR DIE
TWEESAMES?



MIN-
DERJARIGES,
NATUURLIK



EN AL
DIE ANDER-
MIN-
NIE WORRIE
NIE!!!



REK HY DIT NIE
'N BIETJIE UIT NIE?

NEE, HY
STEEK NIE
LYF WEG
NIE



OORSIG OOR DIE JARE SEWENTIG — 1

Só het beleidspatroom verskuif

Rapport 23/12/79

TERWYL blote apartheid die beleid in die jare vyftig was, en die Verwoerdiaanse beleid van afsonderlike ontwikkeling in die jare sestig tot 'n allesbeheersende ideologie uitgebou is, was pragmatiese aanpassings die hoofmerk van die beleid vir die grootste deel van die jare sewentig.

Hierdie beleidsaanpassings het tot gevolg gehad dat die klem verskuif het van 'n beleid wat georiënteerd was op „skeiding” en „afsonderlikheid” na een wat georiënteerd is op die „gemeenskaplikheid”, die „deelgenootskap” en die „interafhanklikheid” van die bevolkingsgroepe in Suid- en Suider-Afrika.

Om hierdie verskuiving te regverdig en te verduidelik, moes daar mettertyd ook 'n verskuiving in die denkpatriot en in die verwysingsraamwerk (of paradigma in terme waarvolgens politieke probleme vertolk en na oplossings gesoek word) plaasvind.

Die Botha-regering is besig om konkrete gestalte aan hierdie nuwe verwysingsraamwerk te gee. Dr. Verwoerd se denke was 'n tipiese voorbeeld van prinsipiële denke. Hy het 'n eindoplossing vir ons probleme probeer vind in 'n „grand design”, wat aangebied is as die enigste waarborg op 'n regverdige en 'n stabiele oplossing.

Die wyse waarop die apartheidsbeleid in die jare vyftig toegepas is, het die Afrikaners destyds aan

meedoënlose morele kritiek blootgestel. Die tweede regverdiging van die Verwoerdiaanse konsep het in die jare sestig baie byval gevind in 'n stadium toe die Afrikaner 'n behoefte aan morele onderskraking gehad het. Maar die groot swaarte van sy formule was dat dit van meet af nie haalbaar was nie — in elk geval ten opsigte van die miljoene anderkleuriges wat nie in die swart state geakkommodeer kon word nie.

Mr. Vorster het tydens sy bewind nooit die intellektuele basis waarop die Verwoerdiaanse konsep gebaseer was, bevestigte nie. Dit het die rigtinggewende idee gegee van die baie skeidingsmaatreëls wat in sy bewindjare getref is. Die belangrikste hiervan was die drie swart state wat hul onafhanklikheid verkry het.

Maar met sy pragmatiese benadering het hy in die hantering van dag-tot-dag probleme ad hoc-aanpassings en uitsonderings in terme van die „grand design” gemaak, met die verweer dat dit net tussentydse en oorgangsmatreëls sou wees.

Hierdie aanpassings en uitsonderings het egter so „toegeneem” dat die uitsonderings mettertyd die reël en die reël die uitsondering geword het. Hierdie is die geloofwaardigheid en die ideologiese greep van die Verwoerdiaanse formule geleidelik ondermyn. Maar terselfdertyd is 'n atmosfeer geskep waarin 'n nuwe denkmethode inslag kon vind.

Mr. Vorster se pragmatisme het dus die rol van 'n oorbruggingsmeganisme gespeel. Dit was ongelukkig 'n baie langsame proses waardeur kosbare tyd verlore gegaan het. Die Vorster-pragmatisme het dit moontlik gemaak dat twee soorte beleidsmaatreëls parallel met mekaar toegepas kon word. Benewens die skeidingsmaatreëls is maatreëls getref om gangbare oplossings vir veral drie dringende probleme te vind, nl. probleme:

- rondom regverdigheid en menswaardigheid;
- rondom ekonomiese groei en werkverskaffing;

• rondom stabiliteit en orde.

Regverdigheid

'n Reeks opspraakwekkende gebeurtenisse in die loop van die dekade het 'n ernstige aanspraak op die sosiale gewete van die blankes gemaak en die behoefte aan sosiale hervorming onderstreep.

• Die Durbanse stakings het die aandag op die buitengewone lae lone van swartes gevestig;

• Wetenskaplike opname het bevestig dat 'n groot persentasie van die swart huishoudings se gesinsinkome laer as die minimumbestaanspeil is;

• Die Theron-kommissie het die armoede in die Kleurling-gemeenskap nie toegeskryf aan aangebore faktore (soos populêre geglo is) nie, maar aan swak lewensomstandighede en aan die diskriminerende uitwerking van die politieke en ekonomiese stelsel;

• Die Soweto-onluste het wyd uitgekling en die aandag op die ontevredenheid van die oortoelekenheid van o.m. behuising en onderwys gevestig;

• Wye publisiteit is aan die plakkersprobleem verleen en instromingsbeheer het ernstig in gedrang gekom;

• Die Swartbewusingsbeweging het die aandag prominent op onverdiende vorme van onreg en op die onmenswaardige uitwerking van rassiediskriminasie en die geval Biko gevestig.

Hierdie gebeure het die blankes nie onaangeraak gelaat nie. 'n Groeiende sosiale gewete en 'n egte besorgdheid oor die lewenslot van die anderkleurige bevolkingsgroepe het sterker geword. 'n Mens kan selfs van 'n verandering van hart praat.

Swart lone het in dié dekade in reële terme met 35 persent gestyg, terwyl blanke lone effens gedaal het. Groot bedrae is aan die onderwys en behuising van anderkleuriges bestee. (Veel groter bedrae sal egter in die volgende dekade hierop bestee moet

word.) Die permanensie van die stedelike swarte is erken en 99-jaar-huurpase is ingeword.

IN die eerste van twee artikels waarin hy 'n terugblik oor die jare sewentig gee, dui PROF. DR. SAMPIE TERREBLANCHE van die Universiteit van Stellenbosch aan hoe die beleidsoriëntasie van die Regering verskuif het van skeiding en afsonderlikheid na deelgenootskap en interafhanklikheid van die bevolkingsgroepe in Suid- en Suider-Afrika.



voer. In sy historiese toespraak op Uppington verklaar die Eerste Minister dat dit ons Christelike plig is om die ander bevolkingsgroepe op te hef. Hierdie toespraak gaan nog van verreikende betekenis blyk te wees.

dat die VSA al hoe meer swig voor Derde Wêreldse druk oor Suid-Afrika.

Mr. Vorster was beson-

der sensitief t.o.v. binne-landse veiligheid en stabiliteit. Sy beleid het enerzijds op streng veiligheidswetgewing, streng polisie-optrede en 'n skerp verhoging in militêre uitgawes berus, en andersyds op 'n besondere bereidwilligheid om toewings te maak om wrywingspunte uit te skakel.

Anders as wat die Verwoerdiaanse formule voorspel het, het baie van die skeidings- en diskriminerende maatreëls nie wrywing uitgeskakel nie, maar eerder die bron van wrywing en konflik gebllyk te wees. Ter wille van stabiliteit in orde moes die proses van skeiding omgekeer word.

Dit was 'n dramatiese wending. Die grootskepe oopstelling van gebiede, geriewe en geboue was hoofsaaklik daarop berekend om wrywing uit te skakel, maar het ook ekonomiese groei bevorder en sommige van die vernederende aspekte van diskriminerende maatreëls verwyder. (Baie belangrike statutêre „oopenstellings” sal

ter wille van die goeie orde in die volgende dekade gemaak moet word.)

Die bereidwilligheid om met die vyf Westerse lande oor Suidwes te onderhandel, openbaar ook die houding van buigbaarheid en toegeeflikheid ter wille van stabiliteit en orde.

Die merkwaardigste „toeweging” het egter op sportgebied ontstaan en is met tertyd eufemisties die „normalisering” van sport genoem. Dit was 'n desperaat, maar tog redelik onsuksesvolle poging om ons sportbande met die buiteland te handhaaf. Indirek was dit ook 'n erkenning van ons ekonomiese afhanklikheid van die buitewêreld. Hoewel niemand dit graag erken nie, het die normalisering van sport bewys dat buitelandse druk heelwat met die afskaffing van diskriminerende en skeidingsmaatreëls „in makke” het.

Al die „toewegings” op die bakenoemde drie problemterreine kon nie vir 'n onbepaalde tyd as tussentydse en pragmatiese maatreëls goedgepraat word nie. 'n Ander denka-

troon en 'n ander verwysingsraamwerk (paradigma) moes eenvoudig gevind word.

Die klem het oontseggelik verskuif na die „gemeenskaplikheid”, na „deelgenootskap” en na die „interafhanklikheid” van die bevolkingsgroepe in lande in Suid- en Suider-Afrika. Die ideologiese verbande aan skeiding en afsonderlikheid is klaarblyklik in groot mate oorwin.

'n Denkpatriot wat meer realisties en minder idealisties (en ontvlugter) is, het in die jare sewentig ingeburger geraak. Die dae toe „grand designs” geformuleer is en na eindoplossings gesoek is, is hopelik vir goed verby. Die besef dat die politieke wêreld nie so maklik in uitgedinkte patrone ingebou kan word as wat dit wyd gewoos was, word nie meer in teoretiese konstruksies en in vae belofes in 'n verre toekoms gesoek nie, maar in terme van die konkrete lewenskwaliteit van alle

mense (ongegras ras of kleur) se alledaagse lewe in die hier en die nou.

Plekke van die sterk prinsipiële en dogmatiese inslag van die Verwoerdiaanse konsep is die nuwe denke georiënteerd tot probleem-oplossing en tot die verwesenliking van haalbare doelstellings. Dit soek na 'n funksionele strategie om die grense van die moontlike uit te skuif. Dit is baie meer soepel en bied maksimale geleentheid om beleidsmaatreëls by veranderende omstandighede aan te pas.

Die meesal nog versweë kern van die nuwe verwysingsraamwerk is nie meer volksoewereiniteit, selfbeskikkingsreg en skeiding nie, maar eerder die handhawing van beskafte waardes en standaarde en die opheffing van alle bevolkingsgroepe om in die voordele daarvan te kan deel.

• **AANSTAANDE WEEK:** Folarisering en verbodkeuring in die twee blanke establishments.

Die
nuwe
politiek
deur
POLLUX

Reg kan nie só geskied

RAPPORT publiseer vandag op bl. 10 'n brief van eerw. P. D.A. Bowen van die Anglikaanse Kerk in Port Elizabeth, waarin hy o.m. beswaar maak teen RAPPORT se spotprent van aartsbiskop Bill Burnett wat op 9 Desember verskyn het. Hy beweer die koerant se lesers se aandag is gevestig op 'n mosie in verband met die Veiligheidspolisie „wat in die Sinode (van dié Kerk) nie eintlik die paal gehaal het nie”.

Feitlik elke koerant in die land het berig dat 'n mosie aanvaar is wat lui dat lede van die Veiligheidspolisie liewe nie in ampte van dié Kerk aangestel moet word nie. Sover ek dit sien, kom dit in die praktyk daarop neer dat teen dié mense, in sondering die gediskrimineer word. Dit beteken dat dié mense slegs in dié Kerk geduld sal word en niks meer nie.

Geen lid van enige kerkgenootskap kan hom in sulke omstandighede welkom in sy Kerk voel nie. Dié besluit is dus 'n onreg teenoor diegene wie se taak

dit is om te waak oor die veiligheid van die land en sy mense — ook mense van die Anglikaanse Kerk. Hulle durf nie verantwoordelik gehou word vir misstappe wat kollegas dalk kon gepleeg het nie.

Basies het die besware teen wat by die Anglikaanse Sinode gebeur het, op twee aspekte neergekom. Die een was die ongelukkige mosie oor die Veiligheidspolisie. Die ander geld die uitlatings van aartsbiskop Burnett oor militêre diensplig, onder die voorwendsel dat die Suid-Afrikaanse samelewing so boos is dat dit nie verdedigbaar is nie.

Fonds vir groot take?

TERWYL min. Owen Horwood in hierdie dae met plesier dink aan die goudpys en hoe dit sy taak met die volgende begroting makliker kan maak, kan hy gerus ook aan dié moontlikheid dink.

'n Bieltje verligting vir ons ouens wat inkomstebelasting betaal, sal welkom wees; iets kan gerus ook aan maatskappye belasting gedoen word.

Maar daar lê vir ons groot uitdaginge voor om 'n konstellasië van state moontlik te maak en sin te gee: die ontwikkeling van die infrastruktuur wat 'n voorvereiste is vir die so begeerde ontwikkeling in die swart gebiede.

Prof. Pollux stel dus 'n spesiale fonds vir sulke sake voor, gevoed uit belastinggeld, sodat ons nou al kan begin spaar vir die toenemende uitgawe wat noodwendig voorlê — en wat moet voorlê as ons enigins hoop op sukses wil hê.

Stagflasië en werkloosheid

Die hoë groeikoers van die jare sestig het die verwagting geskep dat dieselfde tendens in die jare sewentig gehandhaaf sou word. Verskeie faktore het dit egter vermydel: hoë brandstofpysse veroorsaak wêreldwye stagflasië, ná Soweto het kapitaal die land uitgevloei en die immigrasietoevloei het opgedroog. Die vertroue in die sakesektor was in die grootste deel van die dekade op 'n lae peil.

Die lae groeikoers, dubbelsyter-inflasie, betalingsbalansprobleme en werkloosheid (van meer as 'n miljoen) skep 'n baie moeilike probleemkompleks. (Danksy die hoë goudpys en besondere uitvoerprestasies verbeter die ekonomiese vooruitsigte aan die einde van die dekade.)

'n Verlaging van bogenoemde probleme was 'n baie dringende aangeleentheid. Gevolglik is „ideologiese” en skeidingsoorwegings al hoe meer op die agtergrond geskuif.

Belangrike toewings wat deurlopend in verband met die vloei, benutting en organisasies van swart arbeid gemaak is, kulmineer in die aanvaarding van die aanbevelings van die Riekert- en Wiehahn-kommissie. Ekonomiese gebeure het die „gemeenskaplikheid” en „interafhanklikheid” van ons lotsverbondenheid bo alle twyfel bewys. Met die konstellasië van state sal gepoog word om aan hierdie interafhanklikheid 'n rasionele struktuur te gee.

Veiligheid

Vanweë Suid-Afrika se bedreigde posisie in die wêreld bly die veiligheidsaspek 'n baie sensitiewe aangeleentheid. Sekere gebeurtenisse in die sewentigerjare het dit nog sensitiewer gemaak — by die Soweto-onluste, die val van die Portugese ryk, terrorisme aan ons noordelike grens, die wapenverbod van die VVO, die aktiwiteit van ondergrondse organisasies en die gebeurde in

NEDBANK Guide
DIENSPILIG '80
NATIONAL SERVICE '80

Call up... exemption... training... border duty... personal problems... what to bring along... employers... university... job opportunities... Oproep... vrystelling... opleiding... grensdienste... persoonlike probleme... wat om saam te neem... werkgewers... universiteit... werkgeleentheid...

Geen man is slag-gereed sonder hierdie boek nie.

Daar's 'n legio sake aangaande Nasionale Diensplig waarvan jy moet kennis dra, voordat jy in Januarie aansluit.

Jy sal volledig oor al hierdie sake ingelig word in hierdie boekie, propvol inligting, geborg deur Nedbank en amptelik deur die Weermag gemagtig. Dit verstrek die antwoorde op al jou vrae.

Vrae oor geskikte drag, hoe om met jou mense in aanraking te bly, ook jou werkgewers, opleiding, grensdienste. Kortom, alles.

Dit vertel jou ook waarom jy 'n spaarrekening behoort te open voordat jy aanmeld vir diens.

Ook daarmee kan Nedbank hulp verleen.

Al wat jou te doen staan is om by enige tak van Nedbank in te loer, of om onderstaande vorm te voltooi, en ons sal 'n spaarrekening vir jou open.

Ons sal jou ook 'n gratis eksemplaar van die boekie skenk wat jou sal voorberei vir die volgende twee jaar in jou lewe.

Ons dink jy sal dit nodig kry. Want, soos die troepies sê, voorsorg voorkom nasorg.

NEDBANK
Nedbank Bank Corporation

Nedbank Nasionale Diensplig-rekening
Posbus 9575, JOHANNESBURG 2000

Stuur asseblief gratis per kerende pos my Nasionale Dienspligrekeningnommer en my eksemplaar van die Nasionale Dienspligboekie.

Voornaam _____
Van _____
Geboortedatum _____ I/D Nr. _____
Diensnommer _____
Huisadres _____
Telefoon _____ Taalvoorkeur (Eng/Afr) _____

SPOTPRENT GRIEF HOM

EERW. P. D. A. BOWEN, aartsdeken, Anglikaanse kerk, Port Elizabeth:

OMDAT die objektiewiteit van u redaksionele kommentaar, met verstaanbare uitsonderings, nog altyd in die verlede voorbeeldig was, is ek vanaf RAPPORT se stigting een van u gereelde Engelssprekende lesers. Maar u spotprent van aartsbiskop Bill Burnett in die uitgawe van 9 Desember, saam met u verslag oor die Sinode van die Anglikaanse Kerk en Pollux se kommentaar daarop, is vir my 'n bittere teleurstelling.

'n Mens kan net tot die gevolgtrekking kom dat u verslaggewer glad nie die

vaagste benul van sinodale prosedure het, of dat hy die Rooitaaal nie kan verstaan nie. 'n Mens wil net nie glo dat u redaksie in die huidige politieke klimaat van plan was om feite met opset te verdraai nie.

U verslaggewer het dit waarskynlik nie nodig geag om enige melding te maak van die talle uitlatings van waardering vir mnr. P.W. Botha se nuwe riglyne wat in die loop van die Sinode voorgekom het nie. 'n Mosie ten gunste van toenadering met die N.G. Kerk, wat eenparig aangeneem is, is ook deur u verteenwoordiger beskou as van geen belang vir u lesers nie, ten

spyte van die hartroerende erkennings van skuld van Anglikaanse kant wat in die loop van die debat gemaak is.

Daarenteen is die aandag van u lesers opsetlik gevestig op 'n mosie in verband met die Veiligheidspolisie, wat in die Sinode eintlik nie die paal gehaal het nie. Pleks van die oorspronklike mosie, wat weliswaar sterk uitgespreek is, het die Sinode 'n verwaterde amendement in die naam van dr. Godfrey Ashby aangeneem, wat in geen omstandighede die vertolking kan dra wat u redaksie daarvan probeer gee nie. Natuurlik is in die loop van ons Sinode uitlatings gemaak wat die blanke bevolking ongemaklik laat voel. Daar moet egter nie vergeet word dat die meerderheid Anglikane in hierdie land swartes is nie, en dat die blankes van dié kerk 'n plig het om na ons broers in Christus te luister as hulle praat van die verdrukking waaronder hulle ly.

Op dieselfde manier voel ek verplig om die Afrikaanse koerante te lees, want ek moet hoor wat sê my mede-Suid-Afrikaner, as ek hom wil verstaan. Die inhoud van u verslag sou 'n mens verwag om in die verregte pers te lees, of in sommige dele van die Engelse pers. Jammer, RAPPORT, u kon veel beter as dit gedoen het!

Lees Pollux se kommentaar op bl. 9.

Briewebus

E.N.G. van Linden: Sê baie is reeds oor Geloftedag gesê dat ons, ook weens gebrek aan ruimte, u brief nie publiseer nie.

**Ons
lesers
skryf**

**Saccla
moet
opruk**

C.F. NIEMAND, Fonteinelaan 300, Verwoerdburg:

DIE stof om Saccla, die Pretoria-happening, het gaan lê. Of het dit werklik? Ons Regering is, danksy die Premier, aan die uitwaarts beweeg soos min. Was dit nie die grootste begeerte wat Saccla gekoester het nie? Dat uitwaarts beweeg hoflik kan wees, kan die meeste mense getuig wat die konferensie destyds bygewoon het.

Wat nou onrusbarend is, is dat die geesdrif en steun vir die Regering se uitwaarts beweeg aan die taan is.

Gaan ons, die Saccla gesinde kiesers, dit traakmy-nie-agtig sien gebeur sonder om tot wederprestasie oor te slaan? Ek glo dit nie.

Hoe lyk dit, julle mense wat die konferensie georganiseer het, en alle ander Saccla-gesinde? Moet ons nie tot meer as net morele steun oorgaan nie? Moet ons nie ons volle gewig ingooi en desnood die politieke arena sy aan sy met die Premier betree nie?

Takhare: dié uitlatings is aanvegbaar

L. F. HUMEWOOD, P. E.:

EK verwys na Petrus Brouwer se resensie van die TV-aanbieding. Die Laaste van die Takhare in RAPPORT van 9 Desember. Bo-aan sy rubriek staan in reusletters:

„Langenhoven is vervelig”. Daar is 'n paar stellings van mnr. Brouwer waarmee ek saamstem (bv. dat Afrikaans nie kan spog met 'n ryke verskeidenheid aan dramas nie), maar die resensie is eintlik ryk aan aanvegbare stellings.

Mnr. Brouwer se Langenhoven is vervelig. Ons is almal daarvan bewus dat Langenhoven se eeufoes in 1973 verby is — ons het weliswaar die knie toe gebuig (miskien tot vervelens toe!). Ek vra myself egter af of Langenhoven nou maar in die glaskas gebêre moet word sodat niemand aan hom kan raak nie. Volgens mnr. Brouwer is Langenhoven vervelig, omdat hy „alles wat hy voorgee om aan te val en te verafsku” verspoonlik. Ek verstaan nie die logika van sy rede-

nasie nie. Bowendien moet hy mos nie vir Langenhoven as figuur resenseer nie, maar die televisiedrama soos dit Maandagaand, 3 Desember, aangebied is.

Nou ja, dit doen hy wel deur eers te verwys na wat Kannemeyer in sy Literatuurgeskiedenis daarvan sê en daarna die name van toneelspeleers te koppel aan subjektiewe byvoeglike naamwoorde soos „onoortuigend” en „bloot te verwys na die fotografie as „bedenklik”. (Blykbaar kon die subjektiewe stellings nie beter gemotiveer word nie).

Ek moet mnr. Brouwer komplimente, hy het sy

huiskerk gedoen (die byleswerk van Kannemeyer bedoel ek nou). Net jammer hy skep die indruk dat Langenhoven volgens Kannemeyer somer 'n so-so skrywer is. Mnr. Brouwer sê die stuk is verouderd; dat dit nie aktueel is nie, want die watersaakwessie en die Afrikaans/Engelse verhouding interesseer ons nie.

Die Laaste van die Takhare het in 1925 verskyn. Tóe was dit aktueel: elke Suid-Afrikaner (Engels- of Afrikaanssprekend) behoort tog geïnteresseerd te wees

**See toe
met hom!**

A.L.M. ANTHONY, Posbus 78, Kenton-on-Sea:

LAAT ons hoop Petrus Brouwer is 'n skulnaam, want iemand met so 'n gebrek aan perspektief moet liefers maar 'n „ridder van die nag” bly. Ek verwys natuurlik na sy TV-rubriek waarin hy hom oor Langenhoven uitgelaat het.

Hy skilder eerder 'n selfportret. Ek haal sy eie woorde aan: dom in slimheid, selfverheerlikend, prekerig en egosentries.

TV-luisteraars op Kenton-on-Sea hoop net hy verskyn hier in lewendige lywe en ons belowe om hom, nie soos Anton Goosen die hare nie, maar aan die nek so ver as moontlik die see in te sleep. Met sy groot wafel kan hy soveel water insluk dat ons tot in Januarie net laagwater kan hê, en ons sal dit blymoedig aanvaar — wetende dit sal „a job well done” wees.

in sy kultuurhistoriese verlede, dan nie? Steek daar nie ook iets meer as die 1925-aktualiteit in die drama nie? Het ons nie vandag nog sonde-met-die-bure nie; is daar nie vandag nog veranderinge in die maatskaplike patroon nie? O ja, en wat van Langenhoven se woordspel en geestigheid?

Ek lees in Kannemeyer se Literatuurgeskiedenis: „...deur sy geestige situasies en speel met woorde is dit Langenhoven se beste drama”. (p. 175).

Myn insiens was Die Laaste van die Takhare 'n moedige poging van die SATV om 'n bietjie af te wissel — deur iets wat tot die volkskultuur behoort, onder die aandag van die oningewydes te bring.

**Berig oor
ds. Buti**

R. VAN REENEN, Johannesburg, skryf:

EK weet maar te goed hoe dit kom dat berigte soms verkeerd moet word, soos verlede week gebeur het met die berig oor die gesamentlike verklaring van ds. Sam Buti en dr. Jan van Rooyen wat 'n kerkraad-geval uit die wêreld moes maak. Ter wille van die billikheid dus asseblief net die byvoeging: Dr. van Rooyen het as deel van die verklaring die versekering gegee dat die persoonlike opmerkings oor ds. Buti wat hy na aanleiding van die kerkraad se persverklaring gemaak het (Rapport 8/12/79), geensins bedoel was om ds. Buti se integriteit aan te tas nie.

PRESTASIE, NIE POLITIEK

SAREL STREICHER, Kingdonstraat 45, Krugersdorp-Noord:

MET verwysing na Andries van Wyk se kommentaar in Padlans (RAPPORT, 9 Desember) onder die hofie „Sieg Heil”, net die volgende.

As onderwyser belas met die Landsdiensbeweging by die Hoërskool Jan de Klerk wil ek graag vir Andries van Wyk sê dat hy nie moet praat van die pot mis sit nie, want as daar nou voorwaar iemand is wat uit onkunde die pot mis gesit het, is dit hy.

Die Landsdiensbeweging resorteer direk onder die Departement van Nasionale Opvoeding en die taak van die Landsdiensbeweging het die bewaringsgedagte as uitgangspunt, d.w.s. die bewaring, benutting en uitbouing van die land se natuurlike hulpbronne, kultuur en menslike potensiaal.

Landsdiens en politiek is dus net so ver van mekaar verwyderd soos my vriend (?) se siening van Landsdiens van myne.

Ek dink ook dat die rubriek Padlans die Landsdiensbeweging en sy lede asook die Hoërskool Jan de Klerk, beledig het deur sy onkundige opmerking.

Jan Posthumus het in elk geval nie die geleentheid gehad of ooit probeer om sy politieke siening op die Landsdiensbeweging af te druk nie, aangesien die beweging nie politiek van aard is nie en hom dus nooit geleentheid daartoe gebied het nie.

Hy het 'n landsdiensbalie verwerf deurdat hy met die April-streekkamp op Potchefstroom uit ongeveer 250 leerlinge van verskillende skole as junior kamp-

leier gekies is. Hy het dus 'n besondere prestasie behaal, en nou is dit mos nie opvoedkundig verantwoordbaar om die toekenning weg te neem omdat Jan hom nou openlik met verregse politiek besig hou nie!

Nee wat, die skrywer van Padlans moet hom bepaal by dit waaroor hy kennis het, of hy moet eerstehandse kennis bekom voordat hy sulke „pot”-stories skryf.

**Stem wat
wegbly**

NOG 'n WEGELYSSTEM, Waterkloof, Pretoria: DIE vooruitsig dat tariewe vir geneeskundige en tandheelkundige dienste onder staatsbeheer kan kom, is te betreur. In die lig van die jongste gebeure wat aanleiding gegee het tot 'n kommissie van ondersoek, kan 'n mens nouliks daarmee twis hê.

Dog die ding wat uit hierdie hele gedoente 'n mens tot ontevredenheid stem, is die samestelling van die kommissie — in besonder die benoeming van mnr. Jan Haak as die voorsitter. Sonder om ou koele uit die sloot te grawe, vra 'n mens watter aanspraak mnr. Haak hierop het en hoe die Minister die benoeming regverdig. Wat dan van dr. Connie?

Dit is hierdie soort van gogga wat teen- en wegbly-stemme meebring.

TELEGRAM

TELEGRAM VAN J.H. BOSHOFF

TV-RUBRIEK RAPPORT 9-12-79 oor Langenhoven is onsmaklik, beledigend en afkrakend.

DIE TWEE HOOFREDES WAAROM 'N 6-SILINDER MINDER AFTREK KRY, IS DIE TWEE BESTE REDES WAAROM U 'N COMMODORE MOET KRY.

EKONOMIE 7,78ℓ/100 km. PRYS R7 245*.



Die Commodore-reeks, vanaf ongeveer R7 245, bring die onbetwisbare genot van 6-silinder-motory binne u bereik.

**Alle GM-waarborges nou
verleng tot
12 maande of 20 000 km.
(Van krag November 1979).**

bly dié pragtmotors se petrolverbruik op 'n ver-stommend lae 7,78ℓ/100 km soos deur die AA getoets teen 'n gemiddelde snelheid van 83,3 km/h. Dit gee u 'n tenkafstand van om en by 900 km. Dis te verstane as hierdie syfers u meer aan 'n

Kragtig aangedryf deur GM se hoogs suksesvolle 3800 en 4100 cc-enjins

4-silinder laat dink. Hier eindig die ooreenkoms egter. Want Commodore se rygemak en algemene gerief is pure groot motor. Trouens, met McPherson-stut-voervering en kronkelveer-gesteunde veelskakel-agtervering voel dit of 'n mens sweef oor die pad. Binne-in kry u die gemak wat u kan verwag van 'n motor van hierdie kaliber — só ruim en pragtig beplan. Van die anatomies ontwerpte volksuimsit-plekke tot by die kleinste detail soos 'n liggie vir die sigaretaansteker. Die reeks bestaan uit die 3,8-liter-sedans met 'n handtipe of Turbo-Hydratic-otomatiese

ratkas, die 3,8-liter GL-stasiewa met 'n outomatiese ratkas en die 4,1-liter GL-sedan outomaties. Wat gehalte en betroubaarheid betref, is dit 'n bekende feit dat GM meer gehaltebeheer-ondersoeke het as enige ander fabriek in ons land. Boonop, ten einde te verseker dat die standaard hier net so hoog (en dikwels hoër) is as in die res van die wêreld, word 'n kwartaaliks oudit deur streng inspekteurs uitgevoer. As bewys hiervan is die waarborgtydperk verleng tot 12 maande of 20 000 km, wat ook al eerste kom, terwyl versiening nou slegs elke 6 maande of 600 km hoef te geskied. Die tydskrif CAR som die Commodore op as die

„beste en mooiste Chevs ooit” en sê voorts dat dié motors „wêreldwye lof inoos vanweë hul estetiese bekoring, aërodinamika en pragtig gebalanseerde hantering”. Toetsbestuur spoedig 'n Commodore by u GM-handelaar.

**CHEVROLET
COMMODORE**
U General Motors-handelaar is
gretig gereed om nou te onderhandel.